Con Spirito Kultuur is sedert 2003 in die kunstekompetisie bedryf. Vir 18 jaar het leerders vir die gewone opstelle en gedigte, tydens kunswedstryde, ingeskryf. Gegewe die tye waarin ons in Suid Afrika is (“Lockdown 2020”) word ’n NUWE, GROTER, AFRIKAANSE, NASIONALE skryfkompetisie geskep, in die vorm van ‘n aanlyn kompetisie. Die FAK, saam met hul kultuurnetwerke, het hande gevat met Con Spirito om hierdie kompetisie moontlik te maak.

WIE KAN INSKRYF?
Gr 4 tot 5
Graad 6 tot 7
Graad 8 tot 9
Graad 10 tot 12
Jong volwassenes (18 tot 25 jaar)

DRIE KATEGORIEË

- Opstel - Eie keuse en/of voorgeskrewe tema
- Poësie - Eie keuse en/of voorgeskrewe tema
- Kortverhaal - Eie keuse en/of voorgeskrewe tema

**Deelnemers mag meer as een werk onder elke afdeling inhandig!*

VOORGESKREWE TEMA
Vryheid (vir elke ouderdomsgroep en kategorie)

SLUITINGSDATUMS:
10 Mei Registreer en skryf in teen 10 Mei
11 Junie Skryfstukke moet teen 11 Junie ingestuur word

FORMAAT & KRITERIA

- Die inskrywings sluit op 10 Mei 2020 en registrasie en inskrywings vind aanlyn plaas op www.conspirito.co.za
- Skryfwerke word op die laatste 11 Junie 2020 na woekermetdiepen@conspirito.co.za gestuur.
- Elke skryfwerk moet apart ge-e-pos word as ‘n PDF-dokument met ‘n volledige voorblad (naam, van, ouderdomsgroep, kategorie, onderwerp asook volledige kontakbesonderhede)
- Arial 14 met 1.5 lynspasiëring word vereis.
- ‘n Kortlys word deur ervare beoordelaars van die beste werke saamgestel en daarna word die werke deur nuwe beoordelaars beoordeel om uiteinde die wenners te bepaal.

- Die kompetisie word afgesluit met ‘n spoggeleentheid waar die wenners aangekondig sal word. Datum en venue sal nog bekend gemaak word.

PRYSE
**Vir elke ouderdomsgroep en kategorie*

- **Kontantpryse:**
  Eerste plek: R2500
  Tweede plek: R1500
  Derde plek: R1000
- **Ander pryse:**
  - FAK Boekpryse
  - Publikasie van die wenners in die FAK se Flink tydskrif
  - Gratis naweek up FAK se Udolpho Jeugplaas
  - CD’s geskenk deur VONKmusiek
  - Trofeë

INSKRYWINGSFOOIE

Poësie	R200
Opstel	R250
Kortverhaal	R350

VOORGESKREWE LENGTES VAN SKRYFSTUKKE

Graad 4 tot 5	Opstel	130 tot 180 woorde
	Poësie	50 tot 70 woorde
Graad 6 tot 7	Opstel	160 tot 200 woorde
	Poësie	70 tot 90 woorde
	Kortverhaal	250 tot 350 woorde
Graad 8 - 9	Opstel	200 tot 250 woorde
	Poësie	80 tot 100 woorde
	Kortverhaal	400 tot 450 woorde
Graad 10 - 12	Opstel	250 tot 300 woorde
	Poësie	100 tot 120 woorde
	Kortverhaal	450 tot 500 woorde
Jong volwassenes 19 tot 25 jaar	Opstel	300 tot 400 woorde
	Poësie	130 tot 170 woorde
	Kortverhaal	600 tot 700 woorde

REËLS

1. Die uitslag van die beoordelaars is finaal.
2. Deur inskrywing en deelname onderwerp deelnemers hulle streng aan die reëls van die Con Spirito en FAK se skryfkompetisie.
3. Alle inskrywings sluit op 10 Mei.
4. Slegs aanlyn-inskrywings word aanvaar.
5. Alle aanlyn-inskrywings kan deur die Payfast veilige betalings platform gemaak word. Hierdie platform maak voorsiening vir beide elektroniese oorplasings, sowel as kredietkaart betalings.

6. Indien ‘n direkte internetbetaling verkies word is dit betaalbaar aan CON SPIRITO.

FNB, Con Spirito Kultuur (Pty) Ltd., Business Cheque, account no. 62791986460, Sunward Park, Branch code: 201209, Verwysing: Naam en van

7. Inskrywingsgelde is NIE terugbetaalbaar nie, behalwe in gevalle waar die betrokke kompetisie nie plaasvind nie.
8. Aanlyn inskrywingsvorms moet VOLLEDIG ingevul word. Korrekte kontakbesonderhede word benodig vir opvolg en kommunikasie. Ouers se kontakbesonderhede word ook benodig in die geval van leerders.
9. Leerders kan privaat of deur hulle skool inskryf.
10. Daar mag MEER as een keer vir dieselfde item ingeskryf word.
11. Deelnemers neem per graadgroep deel.
12. Deelnemers kan inskryf onder eie keuse en/of voorgeskrewe tema deur Con Spirito Kunsvereniging voorgeskryf.
13. Onthou, die keuse van ’n skryfstuk moet by die deelnemer se ouderdom pas en word ook daarvolgens beoordeel.
14. Geen deelnemer of groep mag dieselfde werk vir twee agtereenvolgende jare aanbied nie.
15. Lengtebeperkings vir die skryfstukke soos aangedui in die sillabus mag nie oorskry word nie.
16. Name en vanne moet korrek op die inskrywingsvorm ingevul word.
17. Alle navrae moet aan Con Spirito gerig word.
18. Oortreding of nienakoming van die reëls en kriteria kan lei tot diskwalifikasie van die inskrywing.